

21 November

1 Johannes 3:14-24 (3:18)

Eerder daadliefde as woordliefde

Ons kry in ons gemeentelike lewe so dikwels te doen met woordliefde. Dis ook 'n heel maklike liefde want woorde kom gerieflik na vore en vra nie veel van ons nie. Woordeliks kan ons simpatie betuig, goedgesindheid laat blyk en selfs probeer troos.

In ons teksvers word ons gewaarsku teen die oppervlakkigheid en skyn van liefde met die woord en met die tong. Vele mooi verwagtinge wat gebou is op iemand se woordliefde het al wreed in duie gestort. Die een wat daarop gehoop het, is ontnugter en teleurgesteld agtergelaat.

As God se mense word ons opgeroep tot liefde met die daad en in waarheid. Moenie net sê: "Ek sal aan jou dink en vir jou bid" nie, maar doen dit ook! Moenie net belowe om vir 'n medegelowige 'n goeie woordjie te doen nie, maar doen dit inderdaad. Onthou: Eers deur die daad word die uitgesproke liefde bevestig as opreg en uit die hart.

God die Vader se liefde vir sy sondige kinders het nie net in woordliefde gaan vassteek nie. Nee, sy daadliefde is by sy woordliefde gevoeg en het die volle pad van smaad geloop van kruisiging en graf vir sy geliefde Seun. Christus se opofferende liefde is vir ons tot voorbeeld van daadliefde: "Hieraan het ons die liefde leer ken, dat Hy sy lewe vir ons afgelê het; en ons behoort ons lewe vir die broeders af te lê" (1 Joh. 3:18). Die liefde wat uit God gebore is, deins nie terug vir die daad nie. As hierdie ware daadliefde in ons gemeentelike lewe aanwesig is, het woordliefde eintlik oorbodig geword.

Sing: Skrifberyming: 24:1, 3

Dr. I.L. Bekker (Die Moot)